**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening No.: 1258/2004

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

Teen

**JONAS MAHOKO**

---

**CORAM:** VAN COPPENHAGEN *et* VAN DER MERWE RR

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE R

---

**GELEWER OP:** 21 OKTOBER 2004

---

[1] Die beskuldigde is op grond van sy pleit van skuldig op 8 Junie 2004 skuldig bevind aan diefstal van polonie ter waarde van R16,99

[2] Op 25 Junie 2004 is die beskuldigde gevolglik gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort is vir 'n tydperk van vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie

skuldig bevind word aan diefstal of poging tot diefstal gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

[3] Die skuldigbevinding is ooreenkomstig die reg maar die vonnis na my oordeel nie.

[4] Die beskuldigde is 45 jaar oud. Hy is getroud en versorg drie kinders. Hy het Standerd Sewe op skool geslaag. Hy het stukwerk gedoen waarvoor hy vergoed is teen ongeveer R80,00 vir 'n tydperk van 3 dae. Die omstandighede van die misdryf was dat die beskuldigde by die betrokke winkel was om 'n brood te koop en dat hy toe die polonie geneem het en in die plastiese sakkie waarin die brood was, geplaas het. Hy het die polonie geneem omdat hy nie geld gehad het om daarvoor te betaal nie en hy dit, soos hy dit gestel het, nodig gehad het. Die beskuldigde het onder eed getuig dat hy 'n fout begaan het, spyt is daaroor en dit nie sal herhaal nie. Sy dogter het ook ter versagting onder eed getuig dat hy wat die beskuldigde is, nie 'n persoon is wat moeilikheid maak nie.

[5] In sy redes vir vonnis het die verhoorlanddros gesê dat die betrokke vonnis opgelê is hoofsaaklik weens die feit dat die beskuldigde twee vorige veroordelings vir diefstal gehad het asook 'n vorige veroordeling vir brandstigting. Dit blyk dat die beskuldigde op 1 Maart 1979 skuldig bevind is aan brandstigting en gevonnis is tot vyf houe met 'n ligte rottang. Op 5 November 1990 is die beskuldigde skuldig bevind aan diefstal en op dieselfde datum gevonnis tot 'n boete van R120,00 of 60 dae gevangenisstraf. Op 1 Februarie 1991 is hy ook skuldig bevind aan diefstal en gevonnis tot 'n boete van R300,00 of 4 maande gevangenisstraf. Die beskuldigde is behalwe vir die onderhawige misdryf hierna nooit weer skuldig bevind aan enige misdryf nie. Alhoewel die landdros korrek is daarmee dat die beskuldigde se gemelde vorige veroordelings nie outomaties verval het ingevolge die bepalings van artikel 271A van die Strafproseswet, nr. 51 van 1977 nie, moes hierdie vorige veroordelings vanweë die lang tydsverloop en die klaarblyklike geringe aard daarvan na my oordeel by vonnisoplegging buite rekening gelaat

gewees het. In hierdie opsig het die verhoorlanddros dus fouteer.

[6] Dit is al herhaalde male beslis dat 'n opgeskorte termyn van gevangenisstraf nie beskou kan word as 'n vonnis wat nie ondergaan sal word nie en ook nie as 'n vonnis waarvoor die beskuldigde net homself te blameer het nie. Sien bv. **S v SETNOBOKO 1981 (3) SA 553 (O) op 556 – 557**. Die vraag bly steeds of die vonnis gepas is in al die omstandighede van die saak. Dat die beskuldigde in hierdie saak op grond van pleging van enige diefstal of poging daartoe gedurende die opskortingstydperk van vyf jaar (waarvoor hy gepas gestraf sal moet word met inagneming van sy vorige veroordeling), blootstaan aan gevangenisstraf van 12 maande weens diefstal waarby R16,99 betrokke is, wek 'n gevoel van skok. Na my oordeel is 'n vonnis van 'n boete van R600,00 of drie maande gevangenisstraf in geheel opgeskort vir vyf jaar, gepas in al die omstandighede van hierdie saak.

[7] Gevolglik word die skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van R600,00 of drie maande gevangenisstraf in geheel opgeskort vir 'n tydperk van vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie. Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 25 Junie 2004.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

EK STEM SAAM:

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

/ec